



THE PROVINCE OF TRANSVAAL

DIE PROVINSIE TRANSVAAL

Official Gazette



Offisiële Koerant

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

VOL. 201.] . . . PRICE 5c. . . . PRETORIA, 28 JUNE 1967.

PRYS 5c. . . . [No. 3279.]

No. 187 (Administrator's), 1967.]

**PROCLAMATION**

BY THE HONOURABLE THE ADMINISTRATOR OF THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

Whereas an application has been received for permission to establish the township of Pietersburg Extension No. 7 on Portion 11 (a portion of Portion 10) of the farm Krugersburg No. 685, Registration Division L.S., District of Pietersburg;

And whereas the provisions of the Townships and Town-planning Ordinance, 1931, relating to the establishment of townships, have been complied with;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by subsection (4) of section *twenty* of the said Ordinance, I hereby declare that the said township shall be an approved township, subject to the conditions contained in the schedule hereto.

Given under my Hand at Pretoria on this Seventh day of June, One thousand Nine hundred and Sixty-seven.

S. G. J. VAN NIEKERK,  
Administrator of the Province of Transvaal.  
T.A.D. 4/8/2426.

**SCHEDULE.**

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY THE TOWN COUNCIL OF PIETERSBURG UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWNSHIPS AND TOWN-PLANNING ORDINANCE, 1931, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 11 (A PORTION OF PORTION 10) OF THE FARM KRUGERSDORP NO. 685, REGISTRATION DIVISION L.S., DISTRICT OF PIETERSBURG, WAS GRANTED.

**A—CONDITIONS OF ESTABLISHMENT.**

**1. Name.**

The name of the township shall be Pietersburg Extension No. 7.

**2. Design of Township.**

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan S.G. No. A. 1079/66.

**3. Water.**

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate to the effect that a supply of potable water, sufficient for the needs of the inhabitants of the township when it is fully built up including provision for fire-fighting services, is available and that arrangements have been made regarding the delivery of the water and the reticulation thereof throughout the township. These arrangements shall include an undertaking by the applicant to reticulate water to the street frontage of any erf in the township when called upon so to do by the owner of the erf concerned provided the applicant is satisfied of the bona fide intention of such owner to build within a reasonable period.

A summarised statement setting forth the nature and quantity of the available supply of water and the major features of the arrangements shall accompany the said certificate as an annexure thereto.

No. 187 Administrateurs-), 1967.]

**PROKLAMASIE**

DEUR SY EDELE DIE ADMINISTRATEUR VAN DIE PROVINSIE TRANSVAAL.

Nademaal 'n aansoek ontvang is om toestemming om die dorp Pietersburg Uitbreiding No. 7 te stig op Gedeelte 11 ('n gedeelte van Gedeelte 10) van die plaas Krugersburg No. 685, Registrasie-afdeling L.S., distrik Pietersburg;

En nademaal aan die bepalings van die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie, 1931, wat op die stigting van dorpe betrekking het, voldoen is;

So is dit dat ek kragtens en ingevolge die bevoegdhede wat by subartikel (4) van artikel *twintig* van genoemde Ordonnansie aan my verleen word, hierby verklaar dat genoemde dorp 'n goedgekeurde dorp is, onderworpe aan die voorwaardes vervat in die bygaande Bylae.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Sewende dag van Junie Eenduisend Negehonderd Sewe-en-sestig.

S. G. J. VAN NIEKERK,  
Administrateur van die Provinsie van Transvaal.  
T.A.D 4/8/2426.

**BYLAE.**

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR DIE STADSRAAD VAN PIETERSBURG INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE DORPE- EN DORPSAANLEG-ORDONNANSIE, 1931, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 11 ('N GEDEELTE VAN GEDEELTE 10) VAN DIE PLAAS KRUGERSBURG NO. 685, REGISTRASIE-AFDELING L.S., DISTRIK PIETERSBURG, TOEGESTAAN IS.

**A—STIGTINGSVOORWAARDES.**

**1. Naam.**

Die naam van die dorp is Pietersburg Uitbreiding No. 7.

**2. Ontwerpplan van die dorp.**

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan L.G. No. A.1079/66.

**3. Water.**

Die applikant moet 'n sertifikaat aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê, waarin vermeld word dat 'n voorraad water geskik vir menslike gebruik en wat toereikend is om aan die vereistes van die inwoners van die dorp te voldoen wanneer dit heeltemal toegebou is, met inbegrip van voorsiening vir brandweerdienste, beskikbaar is en dat reëlings getref is in verband met die lewering van water en die retikulاسie daarvan deur die hele dorp. Hierdie reëlings moet 'n onderneming van die applikant insluit om water na die straatfront van enige erf in die dorp te laat aanlê wanneer hy deur die eienaar van die betrokke erf daartoe aangesê word mits die applikant daarvan oortuig is dat dit die *bona fide*-voorneme van sodanige eienaar is om binne 'n redelike tydperk daarop te bou.

'n Beknopte verklaring waarin die aard en hoeveelheid van die watervoorraad beskikbaar en die hooftrekke van die reëlings uiteengesit word, moet saam met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

4. *Sanitation.*

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate to the effect that arrangements have been made for the sanitation of the township which shall include provision for the disposal of waste water and refuse.

A summarised statement of the main provisions of the arrangements shall accompany the certificate as an annexure thereto.

5. *Electricity.*

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate to the effect that arrangements have been made for the supply and distribution of electricity throughout the township.

A summarised statement of the main provisions of the arrangements shall accompany the certificate as an annexure thereto.

6. *Mineral Rights.*

All rights to minerals and precious stones which may be or become vested in the freehold owner, shall be reserved to the applicant.

7. *Cancellation of Servitude of Outspan.*

The applicant shall at its own expense cause the township area to be freed from the servitude of outspan.

8. *Consolidation of Component Portions.*

The applicant shall at its own expense cause the component portions comprising part of the township to be consolidated.

9. *Land for State and Other Purposes.*

(a) The following erf as shown on the general plan shall be transferred to the proper authority by and at the expense of the applicant:—

For State purposes: Educational: Erf No. 1962.

(b) The following erven, as shown on the general plan shall be retained by the applicant for the purposes specified:—

As parks: Erven Nos. 1959, 1960 and 1961.

10. *Disposal of Existing Conditions of Title.*

All erven must be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals.

11. *Construction of Culverts and Disposal of Stormwater.*

The applicant shall bear the cost of any additional culverts which may be deemed necessary by the South African Railways Administration for the purpose of discharging stormwater which, as a result of the establishment of the township, may be concentrated on the railway tracks and shall further be responsible for the disposal of all such stormwater discharged from the existing as well as any future culverts under the railway tracks.

12. *Enforcement of Conditions.*

The applicant shall observe the conditions of establishment and shall take the necessary steps to secure the enforcement of the conditions of title and any other conditions referred to in section 56 bis of Ordinance No. 11 of 1931: Provided that the Administrator shall have the power to relieve the applicant of all or any of the obligations and to vest these in any other person or body of persons.

## B—CONDITIONS OF TITLE.

1. *The Erven with certain Exceptions.*

The erven with the exception of—

- (i) the erven mentioned in clause A 9 hereof;
- (ii) such erven as may be acquired for State or Provincial purposes; and

4. *Sanitêre dienste.*

Die applikant moet 'n sertifikaat aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê, waarin vermeld word dat reëlins getref is vir die sanitêre dienste in die dorp, met inbegrip van voorsiening vir die afvoer van vuilwater en vullisverwydering.

'n Beknopte verklaring van die hoofbepalings van voornoemde reëlins moet tesame met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

5. *Elektrisiteit.*

Die applikant moet 'n sertifikaat aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê, waarin vermeld word dat reëlins tot voldoening van die plaaslike bestuur getref is vir die lewering van elektrisiteit en die distribusie daarvan deur die hele dorp.

'n Beknopte verklaring van die hoofbepalings van voornoemde reëlins moet tesame met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

6. *Mineraleregte.*

Alle regte op minerale en edelgesteentes wat by die pagvry grondbesitter berus of hierna kan berus, word aan die applikant voorbehou.

7. *Kansellasië van serwituiit van uitspanning.*

Die applikant moet op eie koste die dorp laat vrystel van die serwituiit van Uitspanning.

8. *Konsolidasië van samestellende gedeeltes.*

Die applikant moet op eie koste die samestellende gedeeltes, wat deel van die dorp uitmaak, laat konsolideer.

9. *Grond vir staats- en ander doeleindes.*

(a) Die volgende erf, soos aangewys op Algemene Plan, moet deur die applikant op eie koste aan die betrokke owerheid oorgedra word:—

Vir Staatsdoeleindes:—Onderwys: Erf No. 1962.

(b) Die volgende erwe, soos aangewys op Algemene Plan, moet deur die applikant vir die gespesifiseerde doeleindes behou word:—

As parke: Erwe Nos. 1959, 1960 en 1961.

10. *Beskikking oor bestaande titelvoorwaardes.*

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute, as daar is, met ingebrip van die voorbehoud van mineraleregte.

11. *Aanleg van duikers en verwydering van stormwater.*

Die applikant moet die koste dra van enige bykomende duikers wat nodig geag word deur die Suid-Afrikaanse Spoorweë-administrasie vir die doel om stormwater af te voer wat, as gevolg van die stigting van die dorp, op die treinspoor konsentreer en is voorts aanspreeklik vir die verwydering van sodanige stormwater wat afgevoer word van die bestaande sowel as toekomstige duikers onder die treinspoore.

12. *Nakoming van voorwaardes.*

Die applikant moet die stigtingsvoorwaardes nakom en moet die nodige stappe doen om te sorg dat die titelvoorwaardes en ander voorwaardes genoem in artikel 56 bis van Ordonnansie No. 11 van 1931, nagekom word: Met dien verstande dat die Administrateur die bevoegdheid besit, om die applikant van almal of enigeen van die verpligtings te onthef en sodanige verpligtings by enige persoon of liggaam van persone te laat berus.

## B—TITELVOORWAARDES.

1. *Die erwe met sekere uitsonderings.*

Die erwe uitgesonderd—

- (i) die erwe in klousule A 9 hiervan genoem;
- (ii) sodanige erwe wat vir Staats- of Provinsiale doeleindes verkry word; en

(iii) such erven as may be required or re-acquired for municipal purposes provided the Administrator, after consultation with the Townships Board, has approved the purposes for which such erven are required.

shall be subject to the further conditions hereinafter set forth:—

(A) *General Conditions.*

- (a) The local authority and any other person or body of persons so authorised in writing by the Administrator, shall, for the purpose of securing the enforcement of these conditions and any other conditions referred to in section 56 *bis* of Ordinance No. 11 of 1931, have the right and power to enter into and upon the erf at all reasonable times for the purpose of such inspection or inquiry as may be necessary to be made for the above-mentioned purpose.
- (b) Neither the owner nor any other person shall have the right to make or permit, to be made upon the erf for any purpose whatsoever any bricks, tiles or earthenware pipes or other articles of a like nature.
- (c) An approved building shall be erected by the owner on the erf purchased within a period of two and a half (2½) years calculated from the date of sale, or such longer period as the local authority may in special circumstances decide, failing which the erf must be re-transferred to the local authority at the cost of the owner at the original price paid.
- (d) The owner shall not be entitled to sell the erf before the conditions of paragraph (c) above have been complied with without first offering it to the local authority at the original price paid.
- (e) (i) The elevation treatment of all buildings shall conform to good architecture so as not to interfere with the amenities of the neighbourhood.  
(ii) No person shall erect any building on the erf or make any alterations to any existing building on the erf unless a plan in respect of such building or alterations to an existing building shall have been prepared by a qualified architect and bearing a certificate by the architect to that effect and such plan shall have been approved by the local authority.
- (f) Neither the owner nor any other person shall have the right save and except to prepare the erf for buildings purposes, to excavate therefrom any material without the written consent of the local authority.
- (g) Except with the consent of the local authority no animal as defined in the Local Authorities' Pounds Regulations, as published under Administrator's Notice No. 2 of 1929, shall be kept or stabled on the erf.
- (h) No wood and/or iron buildings or buildings of unburnt claybrick shall be erected on the erf.
- (i) Where, in the opinion of the local authority, it is impracticable for stormwater to be drained from higher lying erven direct to a public street the owner of the erf shall be obliged to accept and/or permit the passage over the erf of such stormwater: Provided that the owners of any higher lying erven, the stormwater from which is discharged over any lower lying erf, shall be liable to pay a proportionate share of the cost of any pipe line or drain which the owner of such lower lying erf may find necessary to lay or construct for the purpose of conducting the water so discharged over the erf.

(iii) erwe wat vir munisipale doeleindes benodig of herverkry word, mits die Administrateur na raadpleging met die Dorperaad die doeleindes waarvoor sodanige erwe benodig is, goedgekeur, het—

is onderworpe aan onderstaande verdere voorwaardes:—

(A) *Algemene voorwaardes.*

- (a) Die plaaslike bestuur en enige ander persoon of liggaam van persone wat skriftelik deur die Administrateur daartoe magtiging verleen is, het, met die doel om te sorg dat hierdie voorwaardes en enige ander voorwaardes genoem in artikel 56 *bis* van Ordonnansie No. 11 van 1931, nagekom word, die reg en bevoegdheid om op alle redelike tye die erf te betree ten einde sodanige inspeksie te doen of ondersoek in te stel as wat vir bovermeide doel gedoen of ingestel moet word.
- (b) Nóg die eienaar nóg enigiemand anders besit die erf om vir enige doel hoegenaamd bakstene, teëls of erdepype of ander artikels van 'n soortgelyke aard op die erf te vervaardig of te laat vervaardig.
- (c) 'n Goedgekeurde gebou moet deur die eienaar van die erf opgerig word, aangekoop binne 'n tydperk van twee en 'n half (2½) jaar bereken van die verkoopsdatum, of sodanige langer periode as waartoe die plaaslike bestuur in spesiale omstandighede besluit, by gebreke waarvan die erf hertransporteer word aan die plaaslike bestuur op koste van die eienaar teen die oorspronklike bedrag wat betaal is.
- (d) Die eienaar is nie geregtig om die erf te verkoop alvorens die bepaling van paragraaf (c) hierbo nagekom is nie, sonder om dit eers aan die plaaslike bestuur, teen die oorspronklike prys wat betaal is, aan te bied.
- (e) (i) Die opstand van alle geboue moet voldoen aan die vereistes van goeie argitektuur sodat dit nie die aantreklikhede van die omgewing benadeel nie.  
(ii) Niemand mag 'n gebou op die erf oprig of enige verandering aan 'n reeds bestaande gebou op die erf aanbring nie, behalwe as 'n plan ten opsigte van so 'n gebou of verandering aan 'n bestaande gebou opgestel is deur 'n gekwalifiseerde argitek en in besit is van 'n sertifikaat van die argitek te dien effekte en sodanige plan deur die plaaslike bestuur goedgekeur is.
- (f) Nóg die eienaar nóg enigiemand anders besit die erf om, behalwe om die erf vir boudoeleindes in gereedheid te bring, enige materiaal daarop uit te grawe sonder die skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur.
- (g) Behalwe met toestemming van die plaaslike bestuur, mag geen dier soos omskryf in die Skutregulasies van Plaaslike Bestuur, soos afgekondig onder Administrateurskennisgewing No. 2 van 1929, op die erf aangehou of op stal gesit word nie.
- (h) Geen geboue van hout en/of sink of geboue van roustene mag op die erf opgerig word nie.
- (i) Waar dit na die mening van die plaaslike bestuur onuitvoerbaar is om neerslagwater van erwe met 'n hoër ligging regstreeks na 'n openbare straat af te voer, is die eienaar van die erf verplig om te aanvaar dat sodanige neerslagwater op sy erf vloei en/of toe te laat dat dit daaroor loop: Met dien verstande dat die eienaars van erwe met 'n hoër ligging, van waar die neerslagwater oor 'n erf met 'n laer ligging loop, 'n eweredige aandeel van die koste moet betaal van enige pyplyn of afleivoer wat die eienaar van sodanige erf met 'n laer ligging nodig vind om aan te lê of te bou, om die water wat aldus oor die erf loop, af te voer.

**(B) Special Business Erven.**

In addition to the conditions set out in sub-clause (A) hereof, Erven Nos. 1952 to 1957 shall be subject to the following conditions:—

- (a) The erf shall be used for trade or business purposes only: Provided that it shall not be used for a warehouse, or a place of amusement or assembly, garage, industrial premises or a hotel and: Provided further that—
- (i) until the erf is connected to a public sewerage system the building shall not exceed two storeys in height;
  - (ii) the upper floor or floors may be used for residential purposes.
- (b) Subject to the provisions of any law, by-law or regulation and sub-clause (a) hereof there shall be no limitation of the number of shops or businesses that may be established or conducted on the erf: Provided that no business of a Bantu Eating House of any description shall be conducted on the erf.
- (c) No offensive trade as specified either in section 95 of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, or in a town-planning scheme in operation in the area, may be carried on upon the erf.
- (d) The business premises shall be erected simultaneously with or before the erection of the outbuildings.

**(C) Special Purpose Erf.**

In addition to the conditions set out in sub-clause (A) hereof, the undermentioned erf shall be subject to the following conditions:—

*Erf No. 1958.*—The erf shall be used for parking purposes and/or for such other purposes as may be permitted and subject to such conditions as may be imposed by the Administrator after reference to the Townships Board and the local authority.

**(D) Special Residential Erven.**

The erven, with the exception of those referred to in sub-clauses (B) and (C) shall, in addition to the conditions set out in sub-clause (A) hereof, be subject to the following conditions:—

- (a) The erf shall be used for the erection of a dwelling-house only: Provided that, with the consent of the Administrator after reference to the Townships Board and the local authority, a place of public worship or a place of instruction, social hall, institution or other buildings appertaining to a residential area may be erected on the erf: Provided further that the local authority may permit such other buildings as may be provided for in an approved town-planning scheme, subject to the conditions of the scheme under which the consent of the local authority is required.
- (b) Except with the consent of the Administrator who may prescribe such conditions as he may deem necessary, not more than one dwelling-house together with such outbuildings as are ordinarily required to be used in connection therewith shall be erected on the erf: Provided that if the erf is subdivided or if such erf or any portion thereof is consolidated with any other erf or portion of an erf this condition may with the consent of the Administrator be applied to each resulting portion or consolidated area.
- (i) The dwelling-house, exclusive of outbuildings, to be erected on the erf shall be of the value of not less than R4,500.
  - (ii) The main building, which shall be a completed building and not one partly erected and intended for completion at a later date, shall be erected simultaneously with or before the erection of the outbuildings.

**(B) Spesiale-besigheidserwe.**

Benewens die voorwaardes in subklousule (A) hiervan uiteengesit, is Erwe Nos. 1952 tot 1957 aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

- (a) Die erf moet slegs vir handels- of besigheidsdoeleindes gebruik word: Met dien verstande dat dit nie vir 'n pakhuis, vermaaklikheids- of vergaderplek, garage, nywerheidspersseel of 'n hotel gebruik moet word nie: Voorts met dien verstande dat—
- (i) die gebou nie meer as twee verdiepings hoog mag wees totdat die erf met 'n publieke vuilrioolstelsel verbind is nie;
  - (ii) die boonste verdieping of verdiepings vir woon-doeleindes gebruik kan word.
- (b) Onderworpe aan die bepalings van enige wet, verordening of regulasie en subklousule (a) hiervan, is daar geen beperking op die getal winkels of besig-hede wat op die erf opgerig of gedryf word nie: Met dien verstande dat geen besigheid van 'n Bantoe Eethuis van enige aard op die erf opgerig mag word nie.
- (c) Geen hinderlike bedryf soos gespesifiseer of in artikel 95 van die Ordonnansie op Plaaslike Besture, No. 17 van 1939, of 'n Dorpsaanlegskema wat op die gebied van toepassing is, mag op die erf gedryf word nie.
- (d) Die besigheidsperssele moet gelyktydig met, of vóór, die buitegeboue opgerig word.

**(C) Erf vir spesiale doel.**

Benewens die voorwaardes in subklousule (A) hiervan uiteengesit, is ondergenoemde erf aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

*Erf No. 1958.*—Die erf moet gebruik word vir parkeerdoeleindes en/of sodanige ander doeleindes as wat toegelaat word en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat opgelê word deur die Administrateur na raadpleging met die Dorperaad en die plaaslike bestuur.

**(D) Spesiale woonerwe.**

Die erwe, met uitsondering van dié genoem in subklousules (B) en (C) is, benewens die voorwaardes uiteengesit in subklousule (A) hiervan, onderworpe aan die volgende voorwaardes:—

- (a) Die erf moet slegs gebruik word om daarop 'n woonhuis op te rig: Met dien verstande dat, met toestemming van die Administrateur na raadpleging met die Dorperaad en die plaaslike bestuur, 'n plek vir openbare godsdiensoefening of 'n plek van onderrig, 'n gemeenskapsaal, 'n inrigting of ander geboue wat in 'n woongebied tuishoort, op die erf opgerig kan word: Voorts met dien verstande dat die plaaslike bestuur sodanige ander geboue waarvoor in 'n goedgekeurde dorpsaanlegskema voorsiening gemaak word kan toelaat, behoudens die voorwaardes van die skema waarvolgens die toestemming van die plaaslike bestuur vereis word.
- (b) Behalwe met toestemming van die Administrateur wat sodanige voorwaardes as wat hy nodig ag kan voorskryf, mag nie meer as een woonhuis tesame met sodanige buitegeboue as wat gewoonlik vir gebruik in verband daarmee nodig is, op die erf opgerig word nie: Met dien verstande dat, as die erf onderverdeel word of as sodanige erf, of enige gedeelte daarvan, met enige ander erf of gedeelte van 'n erf gekonsolideer word, hierdie voorwaarde met toestemming van die Administrateur op elke gevolglike gedeelte gekonsolideerde gebied toegepas kan word.
- (i) Die waarde van die woonhuis, sonder inbegrip van die buitegeboue, wat op die erf opgerig gaan word, moet minstens R4,500 wees.
  - (ii) Die hoofgebou, wat 'n voltooide gebou moet wees en nie een wat gedeeltelik opgerig en eers later voltooi gaan word nie, moet gelyktydig met of vóór, die buitegeboue opgerig word.

- (c) Buildings, including outbuildings, hereafter erected on the erf shall be located not less than 20 feet from the boundary thereof abutting on a street.
- (d) If the erf is fenced, or otherwise enclosed, the fencing or other enclosing device shall be erected and maintained to the satisfaction of the local authority.

**2. Servitude for Sewerage and Other Municipal Purposes.**

In addition to the relevant conditions set out above the erven shall be subject to the following conditions:—

- (a) The erf is subject to a servitude, six feet wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along one only of its boundaries other than a street boundary as determined by the local authority.
- (b) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 6 feet thereof.
- (c) The local authority shall be entitled the deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance and removal of such sewerage mains and other works as it in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of constructing, maintaining and removing such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

**3. Definitions.**

In the foregoing conditions the following term shall have the meaning assigned to it:—

“Dwelling-house” means a house designed for use as a dwelling for a single family.

**4. State and Municipal Erven.**

Should any erf referred to in clause A 9 or any erf acquired as contemplated in clause B 1 (ii) or any erf which may be required or re-acquired as contemplated in clause B 1 (iii) hereof come into the possession of any person other than the State or the local authority such erf shall thereupon be subject to such of the aforementioned or such other conditions as may be permitted by the Administrator after consultation with the Townships Board.

No. 188 (Administrator's), 1967.]

**PROCLAMATION**

BY THE HONOURABLE THE ADMINISTRATOR OF THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

Whereas the Town Council of Germiston has petitioned, under the provisions of section 4 of the Local Authorities Roads Ordinance, 1904, for the proclamation as a public road of a certain road situated in the Municipality of Germiston;

And whereas the provisions of section 5 of the said Ordinance have been complied with and no objections to the proclamation of the said road have been lodged;

And whereas it is deemed expedient that the said road should be proclaimed;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by section 4 of the said Ordinance, read with section 80 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, I do hereby proclaim as a public road the road as described in the Schedule hereto, and as shown on Diagram S.G. No. A.1718/65.

Given under my Hand at Pretoria on this Twelfth day of June, One thousand Nine hundred and Sixty-seven.

S. G. J. VAN NIEKERK,  
Administrator of the Province of Transvaal.

T.A.L.G. 10/3/1/55.

- (c) Geboue, met inbegrip van buitegeboue wat hierna op die erf opgerig word moet minstens 20 voet van die straatgrens daarvan geleë wees.
- (d) Indien die erf omhein of op 'n ander wyse toegemaak word, moet die heining of ander omheiningsmateriaal opgerig en onderhou word tot voldoening van die plaaslike bestuur.

**2. Servituut vir riolerings- en ander munisipale doeleindes.**

Benewens die betrokke voorwaardes hierbó uiteengesit, is die erwe aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

- (a) Die erf is onderworpe aan 'n servituut, ses voet wyd, vir riolerings- en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, langs slegs een van sy grense uitgesonderd 'n straatgrens soos bepaal deur die plaaslike bestuur.
- (b) Geen gebou of ander struktuur mag binne voormelde servituutsgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige servituut of binne 6 voet daarvan geplant word nie.
- (c) Die plaaslike bestuur is geregtig om sodanige materiaal as wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud, en verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke as wat hy na goedduke as noodsaaklik beskou, tydelik te gooi op die grond wat aan voornoemde servituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir voornoemde doel: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud en verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke veroorsaak word.

**3. Woordomskrywing.**

In voormelde voorwaardes het onderstaande uitdrukking die betekenis wat daaraan geheg word:—

„Woonhuis” beteken 'n huis wat ontwerp is vir gebruik as 'n woning vir een gesin.

**4. Staats- en munisipale erwe.**

As enige erf genoem in klousule A 9 of enige erf verkry soos beoog in klousule B 1 (ii) of enige erf benodig of her-verkry soos beoog in klousule B 1 (iii) hiervan, in die besit kom van enige ander persoon as die Staat of die plaaslike bestuur, dan is so 'n erf daarop onderworpe aan sodanige van voornoemde voorwaardes of sodanige ander voorwaardes as wat die Administrateur na raadpleging met die Dorperaad toelaat.

No. 188 (Administrateurs-), 1967.]

**PROKLAMASIE**

DEUR SY EDELE DIE ADMINISTRATEUR VAN DIE PROVINSIE TRANSVAAL.

Nademaal die Stadsraad van Germiston 'n versoekskrif, ingevolge die bepalinge van artikel 4 van die “Local Authorities Roads Ordinance”, 1904, ingedien het om die proklamering tot 'n publieke pad van 'n sekere pad in die Munisipaliteit Germiston geleë;

En nademaal daar aan die bepalinge van artikel 5 van genoemde Ordonnansie voldoen is en geen besware teen die proklamering van die genoemde pad ingedien is nie;

En nademaal dit dienstig geag word dat die genoemde pad geproklameer word;

So is dit dat ek, kragtens en ingevolge die bevoegdheids wat by artikel 4 van genoemde Ordonnansie, gelees met artikel 80 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, aan my verleen word, hierby die pad soos omskryf in die bygaande Bylae en soos aangedui op Kaart No. A.1718/65 tot 'n publieke pad proklameer.

Gegee onder my Hand te Pretoria op hede die Twaalfde dag van Junie Eenduisend Negehonderd Sewe-en-sestig.

S. G. J. VAN NIEKERK,  
Administrateur van die Provinsie Transvaal.

T.A.L.G. 10/3/1/55.

## SCHEDULE.

## GERMISTON MUNICIPALITY.—DESCRIPTION OF ROAD.

A road generally 80 Cape feet in width, commencing at a point on the northern boundary of the proclaimed Main Reef Road, thence generally in a northerly direction across Portions 71, 72 and the remainder of a portion of the north-eastern portion of the farm Driefontein No. 87 for a distance of approximately 3,570 Cape feet, to a point on the south-eastern boundary of the proclaimed Pretoria Road, as more fully shown on Diagram S.G. 1718/65.

No. 189 (Administrator's), 1967.]

## PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE THE ADMINISTRATOR OF THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

Whereas Northern Johannesburg Region Town-planning Scheme, 1958, of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas, was approved by Proclamation No. 228 of 1959, in terms of section 43 of the Townships and Town-planning Ordinance, 1931;

And whereas it is deemed expedient to amend the said Town-planning Scheme in certain respects;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by section 46 of the said Ordinance, I hereby declare that Northern Johannesburg Region Town-planning Scheme, 1958, of Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas, is hereby amended as indicated in the scheme clauses and on Map No. 3, filed with the Secretary of the Townships Board, Pretoria, and the Secretary, the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas, Pretoria and Johannesburg; this amendment is known as Northern Johannesburg Region Town-planning Scheme: Amending Scheme No. 65.

Given under my Hand at Pretoria on this Twelfth day of June, One thousand Nine hundred and Sixty-seven.

S. G. J. VAN NIEKERK,  
Administrator of the Province of Transvaal.  
T.A.D. 5/2/73/65.

## ADMINISTRATOR'S NOTICES.

Administrator's Notice No. 479.] [14 June 1967.  
LYTTELTON MUNICIPALITY.—PROPOSED  
ALTERATION OF NAME.

Notice is hereby given, in terms of section 10 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Lyttelton has submitted a petition to the Administrator praying that he may in the exercise of the powers conferred on him by section 9 (8) of the said Ordinance, alter the name of the Lyttelton Municipality to Verwoerdburg.

It is competent for any person or persons interested, within 30 days of the first publication hereof in the *Provinciale Gazete* to present to the Administrator a counter petition setting forth the grounds of opposition to the proposal.

T.A.L.G. 3/1/93.

Administrator's Notice No. 545.] [21 June 1967.  
STILFONTEIN HEALTH COMMITTEE.—PROPOSED  
WITHDRAWAL OF EXEMPTION FROM THE  
PROVISIONS OF THE LOCAL AUTHORITIES  
RATING ORDINANCE, 1933.

The Administrator, hereby publishes in terms of section 10 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Stilfontein Health Committee has submitted a petition

## BYLAE.

## MUNISIPALITEIT GERMISTON.—BESKRYWING VAN PAD.

'n Pad oor die algemeen 80 Kaapse voet breed wat begin by 'n punt op die noordelike grens van die geproklameerde Main Reefweg, daarvandaan in 'n algemeen noordelike rigting oor Gedeeltes 71, 72 en die restant van 'n gedeelte van die noordoostelike gedeeltes van die plaas Driefontein No. 87, vir 'n afstand van ongeveer 3,570 Kaapse voet, tot by 'n punt op die suid-oostelike grens van die geproklameerde Pretoriaweg, soos meer volledig aangedui op Kaart L. G. No. A.1718/65.

No. 189 (Administrateurs-), 1967.]

## PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE DIE ADMINISTRATEUR VAN DIE  
PROVINSIE TRANSVAAL.

Nademaal Noordelike Johannesburgstreek-dorpsaanleg-skema, 1958, van die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buite Stedelike Gebiede by Proklamasie No. 228 van 1959, ingevolge artikel 43 van die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie, 1931, goedgekeur is;

En nademaal dit senkies geag word om genoemde Dorpsaanlegskema in sekere opsigte te wysig;

So is dit dat ek, kragtens en ingevolge die bevoegdheid wat by artikel 46 van genoemde Ordonnansie aan my verleen word, hierby verklaar dat Noordelike Johannesburgstreek-dorpsaanlegskema 1958, van die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buite Stedelike Gebiede hierby gewysig word soos aangedui in die skemaklousules en op Kaart No. 3, in bewaring gehou deur die Sekretaris van die Dorperaad, Pretoria, en die Sekretaris, die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buite Stedelike Gebiede Pretoria en Johannesburg; hierdie wysiging staan bekend as Noordelike Johannesburgstreek-dorpsaanlegskema: Wysigende Skema No. 65.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Twaalfde dag van Junie Eenduisend Negehoenderd Sewe-en-sestig.

S. G. J. VAN NIEKERK,  
Administrateur van die Provinsie Transvaal.  
T.A.D. 5/2/73/65.

## ADMINISTRATEURSKENNISGEWINGS.

Administrateurskennisgewing No. 479.] [14 Junie 1967.  
MUNISIPALITEIT LYTTELTON.—VOORGESTELDE  
VERANDERING VAN NAAM.

Ingevolge artikel 10 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekendgemaak dat die Stadsraad van Lyttelton 'n versoekskrif by die Administrateur ingedien het met die bede dat hy die bevoegdheid aan hom verleen by artikel 9 (8) van genoemde Ordonnansie uitoefen en die naam van die Munisipaliteit Lyttelton tot Verwoerdburg verander.

Alle belanghebbende persone is bevoeg om binne 30 dae na die eerste publikasie hiervan in die *Provinciale Koerant* aan die Administrateur 'n teenpetisie voor te lê met vermelding van die gronde van beswaar teen genoemde voorstel.

T.A.L.G. 3/1/93.  
14-21-28

Administrateurskennisgewing No. 545.] [21 Junie 1967.  
GESONDHEIDSKOMITEE VAN STILFONTEIN.—  
VOORGESTELDE INTREKING VAN VRY-  
STELLING VAN DIE BEPALINGS VAN DIE  
PLAASLIKE - BESTUURBELASTINGORDON-  
NANSIE, 1933.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 10 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Gesondheidskomitee van Stilfontein 'n petisie by hom

to him praying that he may, in the exercise of the powers conferred on him by section 9 (9) of the said Ordinance, withdraw the exemption from the provisions of the Local Authorities Rating Ordinance, 1933, in regard to the area described in the Schedule hereto.

It shall be competent for all persons interested within 30 days of the first publication hereof in the *Provincial Gazette*, to present to the Administrator a counter-petition setting forth the grounds of opposition to the Committee's proposal.

T.A.L.G. 3/2/115.

SCHEDULE.

**STILFONTEIN HEALTH COMMITTEE.—DESCRIPTION OF AREA TO BE WITHDRAWN FROM EXEMPTION OF RATING.**

Beginning at a point on the western boundary of Stilfontein Road in the township of Stilfontein Extension No. 4, where the westwards prolongation of the northern boundary of Touws Street would intersect the said western boundary; proceeding thence generally north-eastwards along the western and northern boundaries respectively of the said Stilfontein Road to a point where the northwards prolongation of the eastern boundary of Orange Street would intersect the said northern boundary; thence southwards along the said prolongation and the eastern boundary of Orange Street to the northern boundary of Keurboom Street; thence generally westwards along the northern boundaries of Keurboom and Umfolosi Streets to the western boundary of Swakop Street; thence northwards along the western boundary of Swakop Street to the eastern boundary of Umvoti Street; thence generally south-westwards along the eastern boundary of Umvoti Street to the northern boundary of Touws Street; thence westwards along the northern boundary of Touws Street and its prolongation to the point first-named and comprises Erven Nos. 3021-3051, 3174-3189, 3260-3280, 3486-3533 and portions of Streets and Roads in the Township of Stilfontein Extension No. 4.

21-28-5

Administrator's Notice No. 555.] [28 June 1967.

**BARBERTON MUNICIPALITY.—ADOPTION OF STANDARD BY-LAWS IN RESPECT OF LEGAL AID TO OFFICERS AND SERVANTS OF LOCAL AUTHORITIES INVOLVED IN CRIMINAL PROCEEDINGS.**

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes that the Town Council of Barberton has in terms of section 96 bis (2) of the said Ordinance adopted without amendment the Standard By-laws in Respect of Legal Aid to Officers and Servants of Local Authorities Involved in Criminal Proceedings, published under Administrator's Notice No. 625, dated the 17th August, 1966, as by-laws made by the said Council.

T.A.L.G. 5/175/5.

Administrator's Notice No. 556.] [28 June 1967.

**LICHTENBURG MUNICIPALITY.—AMENDMENT TO FIRE DEPARTMENT BY-LAWS.**

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

ingedien het met die versoek dat hy die bevoegdheids aan hom verleen by artikel 9 (9) van genoemde Ordonnansie uitoefen deur die vrystelling van die bepalings van die Plaaslike-Bestuur-Belastingordonnansie, 1933, ten opsigte van die gebied omskryf in die bygaande Bylae in te trek.

Alle belanghebbende persone is bevoeg om binne 30 dae na die eerste publikasie in die *Provinsiale Koerant* 'n teenpetisie aan die Administrateur voor te lê, met vermelding van die gronde van beswaar teen genoemde voorstel.

T.A.L.G. 3/2/115.

BYLAE.

**GESONDHEIDSKOMITEE VAN STILFONTEIN.—OMSKRYWING VAN GEBIED WAARVAN DIE VRYSTELLING VAN BELASTING INGETREK MOET WORD.**

Begin by 'n punt op die westelike grens van die Stilfonteinpad in die dorp Stilfontein Uitbreiding No. 4, waar die westelike verlenging van die noordelike grens van Touwsstraat sal aansluit by die genoemde westelike grens; daarvandaan algemeen noordooswaarts langs onderskeidelik die westelike en noordelike grense van die genoemde Stilfonteinpad na 'n punt waar die noordelike verlenging van die oostelike grens van Orangestraat sal aansluit by die genoemde noordelike grens; daarvandaan suidwaarts langs die genoemde verlenging en die oostelike grens van Orangestraat tot by die noordelike grens van Keurboomstraat; daarvandaan algemeen weswaarts langs die noordelike grens van Keurboom- en Umfolosistraat tot by die westelike grens van Swakopstraat; daarvandaan noordwaarts langs die westelike grens van Swakopstraat tot by die oostelike grens van Umvotistraat; daarvandaan algemeen suidweswaarts langs die oostelike grens van Umvotistraat tot by die noordelike grens van Touwsstraat; daarvandaan weswaarts langs die noordelike grens van Touwsstraat en sy verlenging tot by die eersgenoemde punt en omvat erwe Nos. 3021-3051, 3174-3189, 3260-3280, 3486-3533 en gedeeltes van strate en paaie in die dorp Stilfontein Uitbreiding No. 4.

21-28-5

Administrateurskennisgewing No. 555.] [28 Junie 1967.

**MUNISIPALITEIT BARBERTON.—AANNAME VAN STANDAARDVERORDENINGE TEN OPSIGTE VAN REGSHULP AAN BEAMPTES EN DIENARE VAN PLAASLIKE BESTURE WAT IN STRAFSAKE BETROKKE RAAK.**

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Barberton die Standaardverordeninge ten Opzigte van Regshulp aan Beamptes en Dienare van Plaaslike Besture wat in Strafsake Betrokke Raak, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 625 van 17 Augustus 1966, ingevolge artikel 96 bis (2) van genoemde Ordonnansie sonder wysiging aangeneem het as verordeninge wat deur genoemde Raad opgestel is.

T.A.L.G. 5/175/5.

Administrateurskennisgewing No. 556.] [28 Junie 1967.

**MUNISIPALITEIT LICHTENBURG.—WYSIGING VAN BRANDWEERAFDELINGSVERORDENINGE.**

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

The Fire Department By-laws of the Lichtenburg Municipality, published under Administrator's Notice No. 281, dated the 10th April, 1957, as amended, are hereby further amended as follows:—

1. By the substitution for section 5 and the heading thereto of the following:—

*"Council may Recover Expenses of Water Used at Fire from Owner or Occupier Concerned."*

5. The Council may recover the expenses incurred by it in respect of water at any fire from the owner or occupier of any premises on which a fire occurred or which, in the opinion of the chief officer, was endangered by a fire and such owner and occupier shall be jointly and severally liable for such expenses. The amount payable in respect of each such premises shall be determined by the chief officer and his certificate in regard thereto shall be final and binding upon all interested parties."

2. By the insertion at the end of item 1 of the Tariff of Charges of the following:—

*"The Council may recover the fees provided for in this item from the owner or occupier of any premises on which a fire occurred or which, in the opinion of the chief officer, was endangered by a fire and such owner and occupier shall be jointly and severally liable for such fees."*

T.A.L.G. 5/41/19.

Administrator's Notice No. 557.]

[28 June 1967.

**HENDRINA MUNICIPALITY.—AMENDMENT TO DIPPING TANK REGULATIONS.**

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Dipping Tank Regulations of the Hendrina Municipality, published under Administrator's Notice No. 385, dated the 8th October, 1921, as amended, are hereby further amended by the substitution for section 9 of the following:—

"9. The charge for the dipping of animals shall be as follows:—

- (a) Cattle, horses and mules, irrespective of age, per head: 4½c.
- (b) Sheep, irrespective of age, per head: 3c."

T.A.L.G. 5/31/60.

Administrator's Notice No. 558.]

[28 June 1967.

**OPENING OF PUBLIC ROAD ON THE FARM VLAKPLAATS No. 407—J.P., DISTRICT OF ZWARTRUGGENS.**

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, after investigation and report by the Road Board of Zwarttruggens, that a public district road, 50 Cape feet wide, traversing the farm Vlakplaats No. 407—J.P., District of Zwarttruggens, shall exist in terms of paragraphs (b) and (c) of subsection (1) of section five and section three of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957), as shown on the sketch plan subjoined hereto.

D.P. 08-084-23/21/P.2/2.

Die Brandweerafdelingsverordeninge van die Munisipaliteit Lichtenburg, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 281 van 10 April 1957, soos gewysig, word hierby verder as volg gewysig:—

1. Deur artikel 5 en die opskrif daartoe deur die volgende te vervang:—

*„Onkoste vir watergebruik by brand is deur die Raad verhaalbaar op die betrokke eienaar of okkupant."*

5. Die koste deur hom aangegaan ten opsigte van water by enige brand kan deur die Raad verhaal word op die eienaar of okkupant van enige perseel waarop daar 'n brand was, of wat volgens die mening van die brandweerhoof weens 'n brand in gevaar verkeer het, en sodanige eienaar en okkupant is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir sodanige koste. Die bedrag ten opsigte van elke sodanige perseel betaalbaar word deur die brandweerhoof vasgestel en sy sertifikaat ten opsigte daarvan is finaal en bindend vir alle belanghebbende persone."

2. Deur aan die einde van item 1 van die Tarief die volgende in te voeg:—

*„Die gelde in hierdie item vervat kan deur die Raad verhaal word op die eienaar of okkupant van enige perseel waarop daar 'n brand was of wat na die mening van die brandweerhoof weens 'n brand in gevaar verkeer het, en sodanige eienaar en okkupant is gesamentlik en afsonderlik vir sodanige gelde aanspreeklik."*

T.A.L.G. 5/41/19.

Administrateurskennisgewing No. 557.]

[28 Junie 1967.

**MUNISIPALITEIT HENDRINA.—WYSIGING VAN DIPBAKREGULASIES.**

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Dipbakregulasies van die Munisipaliteit Hendrina, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 385 van 8 Oktober 1921, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur artikel 9 deur die volgende te vervang:—

„9. Die koste vir die dip van vee is as volg:—

- (a) Beeste, perde, muile, afgesien van ouderdom, per stuk: 4½c.
- (b) Skape, afgesien van ouderdom, per stuk: 3c."

T.A.L.G. 5/31/60.

Administrateurskennisgewing No. 558.]


[28 Junie 1967.

**OPENING VAN OPENBARE PAD OP DIE PLAAS VLAKPLAATS No. 407—J.P., DISTRIK ZWARTRUGGENS.**

Dit word hierby vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur na ondersoek en verslag deur die Padraad van Zwarttruggens, goedgekeur het dat 'n openbare distrikspad, 50 Kaapse voet breed, oor die plaas Vlakplaats No. 407—J.P., distrik Zwarttruggens, ingevolge paragrawe (b) en (c) van subartikel (1) van artikel vyf en artikel drie van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957), soos aangetoon op bygaande sketsplan, sal bestaan.

D.P. 08-084-23/21/P.2/2.





DP. 08-084-23/21/P2-2.

|                   |    |                   |
|-------------------|----|-------------------|
| <u>Verwysing:</u> |    | <u>Reference:</u> |
| Pad geopen        | —  | Road opened.      |
| 50 Kvt.           |    | 50 C.ft.          |
| Bestaande pad     | == | Existing road.    |

Administrator's Notice No. 559.] [28 June 1967.  
**STILFONTEIN HEALTH COMMITTEE.—AMENDMENT TO WATER SUPPLY REGULATIONS.**

The Administrator hereby, in terms of section 164 (3) of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the regulations set forth hereinafter, which have been made by him in terms of section 126 (1) (a) of the said Ordinance.

The Water Supply Regulations of the Stilfontein Health Committee, published under Administrator's Notice No. 147, dated the 5th March, 1958, as amended, are hereby further amended by the deletion of section 24, Special Agreements, under Chapter 3. T.A.L.G. 5/104/115.

Administrator's Notice No. 560.] [28 June 1967.  
**LOUIS TRICHARDT MUNICIPALITY.—AMENDMENT TO LIVESTOCK MARKET BY-LAWS.**

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Livestock Market By-laws, published under Administrator's Notice No. 577, dated the 18th July, 1956, and applied *mutatis mutandis* to the Louis Trichardt Municipality by Administrator's Notice No. 768, dated the 15th October, 1958, and as amended by the latter notice, are hereby further amended as follows:—

1. By the insertion after section 25 of the following:—  
 "26. The Council may, on prepayment of the fees prescribed in terms of item 5 of the Schedule hereto, let the kraals to anyone wishing to hire same for a period or periods for the purpose of keeping animals: Provided that during such period or periods the kraals are not required for the purpose of livestock sales as set out in these by-laws."
2. By renumbering section 26 to 27.
3. By the addition at the end of the Schedule of the following:—  
